# Ruach Bediening Nuusbrief

Februarie 2024

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief

1. Gedagte vir die maand ....... 1
2. Gebedsterapie sessies in Februarie 2024 ....... 2
3. Getuienisse ....... 3
4. Sommer net 'n paar gedagtes ....... 3
   a. Hanteer die Bybel met respek – deur Stephan Joubert ....... 3
   b. Waarom ek "Jesus only" is ....... 3
   c. Jirre, hoe sê mens dankie? ....... 6
5. So terloops ....... 6
6. Beplanning vir volgende maande ....... 7
7. Woord in Aksie kampe – Pretoria ....... 7
8. Bybelskool ....... 8
9. Afsluitings Gebed ....... 8

## 1. Gedagte vir die maand








**Psalm 147**

**1 Loof die HERE, want dit is goed om onse God te besing, ja lieflik; 'n loflied is gepas!**
**2 Die HERE bou Jerusalem op; Hy versamel van Israel die wat verdryf is.**
**3 Hy genees die wat gebroke is van hart, en Hy verbind hulle wonde.**
**4 Hy bepaal die getal van die sterre; Hy gee hulle almal name.**
**5 Onse Here is groot en ryk aan krag; sy verstand is oneindig.**
**6 Die HERE rig die ootmoediges weer op; die goddelose mense verneder Hy tot die grond toe.**
**7 Sing 'n danklied tot eer van die HERE, psalmsing tot eer van onse God met die siter;**
**8 wat die hemel met wolke oordek, wat vir die aarde reën berei, wat op die berge gras laat uitspruit,**
**9 wat aan die vee hulle voedsel gee, aan die jong rawe as hulle roep.**
**10 Hy het geen welbehae in die krag van die perd, geen welgevalle in die bene van die man nie.**
**11 Die HERE het 'n welgevalle in die wat Hom vrees, wat op sy goedertierenheid hoop.**

**12 o Jerusalem, prys die HERE! o Sion, loof jou God!**
**13 Want Hy het die grendels van jou poorte sterk gemaak; Hy het jou kinders binne-in jou geseën.**
**14 Hy wat aan jou grondgebied vrede verskaf, wat jou versadig met die beste van die koring,**
**15 wat sy bevel na die aarde stuur—sy woord loop baie vinnig.**
**16 Hy gee sneeu soos wol; Hy strooi ryp soos as.**
**17 Hy werp sy ys heen soos stukke—wie kan bestaan voor sy koue?**
**18 Hy stuur sy woord en laat hulle smelt; Hy laat sy wind waai—die waters loop.**
**19 Hy maak aan Jakob sy woorde bekend, aan Israel sy insettinge en sy verordeninge.**
**20 So het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie; en sy verordeninge, dié ken hulle nie. Halleluja!**

**2.** Gebedsterapie sessies in Februarie 2024

| | |
|---|---|
| 6 | Gebedsterapie sessies in **Centurion** |
| 0 | Gebedsterapie sessies per **Telefoon** |
| 14 | Gebedsterapie sessies per **Video Call** |
| 0 | Gebedsterapie sessies per **Zoom** |
| 0 | Gebedsterapie sessies in **Delmas** |
| 19 | Gebedsterapie sessies in **Middelburg** |
| 0 | Gebedsterapie sessies in **Nylstroom** |
| 0 | Gebedsterapie sessies in **Fochville** |
| 0 | Gebedsterapie sessies per **Video call na Oorsese lande** |
| 39 | **Totale gebedsterapie sessies vir die maand** |

Ek het Desember 2023 deurgewerk, as julle dalk wonder hoekom daar so min berading sessies was. Ons het 'n 3 weke wegbreek gemaak na die tuinroete. Ons spreek dan ook seeninge uit oor die mense wat ons voorsien het van verblyf, brandstof koste en ete's. Julle, ons het nie woorde en kan dit nie beskryf, hoe die Here Jesus voorsien nie, selfs in 'n mens se rustyd.


Suiderkruis strand naby Groot Brak


Brenton-on-Sea


Aarbei plaas naby George

## 3. Getuienisse




Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:

(Dit gaan alles oor hoe Jesus ook jou, as instrument kan gebruik in Sy Koninkryk-
Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.)

**Getuienis 1**: Ek waardeer Oom so verskriklik baie. Oom is vir my baie kosbaar en ek is bly Oom is deel van my lewe.

## 4. Sommer net 'n paar gedagtes

### a. Hanteer die Bybel met respek – deur Stephan Joubert

Bybelverse, wat uit konteks aangehaal word, kry dikwels 'n lewe van hulle eie. Dit gebeur deesdae met tekste soos Genesis 12:3, waar die Here vir Abraham sê, Hy sal diegene seën wat hom seën, en diegene vervloek, wat hom vervloek.

Sedert die uitbreek van die oorlog in Gasa, word hierdie woorde blindelings deur sommiges aangewend om te sê God sal almal straf wat teen Israel in opstand is. Nooit word die tweede gedeelte van vers 3 egter deur sulke strafbrigades aangehaal nie. Hierdie tweede gedeelte van vers 3 sê, dat al die nasies van die aarde deur God se verbond met Abraham geseën sal word.

Paulus het dit goed geweet. Daarom skryf hy in Romeine 4:9-12 dat almal, wat in Christus glo, nou ook aan Abraham se beloftes deel het. Abraham is nou die vader van geloof vir mense uit alle volke.

Mag die Here gee, dat ons Sy Woord reg en verantwoordelik in hierdie dae sal lees. Mag ons ook begryp dat Sy nuwe volk internasionaal is, net soos Sy beloftes. Sy mense is lankal nie meer aan een land of een grondgebied verbonde nie.

Hoor net hoe beskryf Paulus dit in Galasiërs 3:28 (NNT Vertaling): "In hierdie nuwe familie van God is almal gelyk. Hier maak dit nie meer saak of jy 'n Jood of 'n Griek is nie, en of jy 'n slaaf is, of iemand, wat losgekoop is uit slawerny nie. En of jy 'n man is, of 'n vrou nie. Julle almal is nou een in Christus Jesus. Julle behoort aan Hom en aan mekaar."

*http://tinyurl.com/v83dw7je #GoeieNuus #Ekerk*

### b. Waarom ek "Jesus only" is

Jesus is die Tema van die Bybel, ons vind Hom in elke boek van die Bybel.

1. Hy is die **LOGOS**, die letterlike self **openbaarmaking** van die **Onsienlike God**, die mond waardeur die **Ewige Gees** spreek, **ALLES was DEUR Hom en TOT Hom geskape** - Joh 1:1, 3,10,11. Kol 1:16. Efe 3:9.

2. Hy is die **afskynsel en afdruksel van die Heerlikheid van God** maw **God geopenbaar** - Heb 1:3.

3. Hy is die **BEELD** van die **ONSIENLIKE GOD** - Kol 1:15.

4. Hy is die **Een wat sy volk van hulle sonde verlos** - Mat 1:21.

5. Hy is Immanuel - **GOD met ons** - Mat 1:23.

6. Hy is die **Here uit die hemel** - I Kor 15:47.

7. Hy is God **geopenbaar in vlees** - 1 Tim 3:16.

8. Hy is **Sterke God, Ewige Vader** - Jes 9:5.

9. Hy is die **Engel van die Here** wie aan Moses verskyn het en vir Moses gesê het, **Ek is** die God van Abraham Isak en Jakob - Exod 3:1-8. Luk 20:37.

10. Hy is die **Engel van die Verbond,** wie Abraham gevra het om Isak aan Hom te offer - wie met Abraham 'n verbond gemaak het - Gen 23:11-18.



11. Hy is die **Alfa en die Oméga** - Open 1:8.

12. Hy is die **Eerste en die Laaste** - Jes 44:6, Open 1:8.

13. Hy is ons **God en Saligmaker** - 2 Pet 1:1.

14. Hy is ons **Grote God en Verlosser** - Tit 2:13.

15. Hy is die **Oue van Dae** - Open 1:14 en 15.

16. Hy is die **dopper met Sy Gees**, Hy is die **Heilige Gees in die gelowige** - Joh 1:33, Mat 18:20, Joh 14:18, Gal 2:20, 2 Kor 13:5, 1 Pet 1:10-11, Open 3:20.

17. Hy is **Een wat is, wat was en wat kom, die Almagtige** - Open 1:8, Open 4:8, Tit 2:13.

18. Hy is die **Almagtige** - Gen 17:1, Open 1:8.

19. Hy is **Hoof van die Liggaam** - Kol 1:18.

20. Hy is die **Hoof van alle owerhede en magte** - Kol 2:10.

21. Hy is die **Een wie ons gebede hoor en verhoor** - Joh 14:14.

22. Hy is die **Een op die Troon wie deur engele aanbid word** - Open 4:8, Open 22:4.

23. Hy is die **Een voor wie elke knie sal buig** - Jes 45:21-23, Fil 2:10-11, Rom 14:10-12.

24. Hy is **God Lofwaardig tot in alle ewigheid** - Rom 9:5.

25. Hy is die **Eén wie oor die lewende en dode heers** - Rom 14:9.

26. Hy is die **Ewige Heerser** - 1 Tim 6:15, Open 11:15.

27. Hy is die **Koning van die Konings en die Here van die Here** - Open 17:14.

28. Hy is die **HERE Here** - Jes 40:10.

29. Hy is, **HERE en God** - Jon 20:28.

30. Hy is **God wie ons met SY EIE BLOED verkry het** - Hand 20:28.

31. Hy is die **Een wie Homself uit die dode opgewek het** - Joh 2:19. Joh 10:17-18.

30. Hy is **God wie self gekom het om ons te verlos** - John 1:1-14, Jes 35:4.

32. Hy is die **Hoof van alles in die hemele en op aarde** - Efes 1:10.

33. Hy is die **EK IS** - Joh 8:58.

34. Hy is die **Een** wat die heelal instand hou wat deur Hom ontstaan het- Kol 1:17.



35. Hy is die **sewe geeste van God** - Open 5:6 - Open 3:1.

36. Hy is die **Een wat lewe tot in alle ewigheid**- Open 1:18.

37. Hy is die **Een wat die wêreld gaan oordeel**.

38. Hy is die **Koning van die eeue, die Alleenwyse God** - 1 Tim 1:17.

39. Hy is die **Here van die heerlikheid** - Lord of Glory - 1 Kor 1:8.

40. Hy is die **krag en wysheid van God** - 1 Kor 1:24.

41. Hy is die **Herder wat sy lewe neergelê het vir sy skape** - John 10:11.

42. Dit was **Hy wat deur Israel versoek was** in die woestyn - 1 Kor 10:9.

43. Hy was die **geestelike rots** wat water in die woestyn gegee het - 1 Kor 10:4.

44. Hy was die **Here God wat onder sy mense kom woon het** - Ps 69:19.

45. Hy is **God vir wie Johannes die doper die weg moes voorberei** - Jes 40:3.

46. Hy is die **Lam** - Joh :29.

47. Hy is die **Hoëpriester** - Heb 1:1-3.

48. Hy is die **Een wie die dode op die laaste dag sal opwek** -Joh 6:54.

49. Hy is die **Brood van die lewe** - Joh 6:35.

50. Hy is die **Arm van die Here wat geopenbaar is** - Jes 53:1 en Jes 40:10.

51. Hy is **Dawid se Here** - Mat 22:43.

52. Hy is die **èèn wat deur die vinger van God duiwels uitdrywe** - Luk 11:20.

53. Hy is **Vader en Seun in een Liggaam** – maw Hy is Vader en Seun tergelyketyd - Joh 14:6-10.

54. Hy is die **Vlees bedekking van die Onsienlike God**, maw die Tabernakel van God- Heb 10:19-20.



55. Hy is die **Seun van God** maw God wie 33 jaar in die vlees op aarde geloop het as die dienskneg - Fil 2:5-7 en Jes 43:10 en 11.

56. Hy is **alomteenwoordig** - Mat 28:20.

57. Hy is van **ewigheid** - Mig 5:1.

Ek het slegs 57 van die 1,204 vernoemings, of hoedanighede van God genoem...al die 1,204 vernoeming of hoedanighede word in Jesus vervul, want in Hom woon al die VOLHEID van die GODHEID LIGGAAMLIK - Kol 2:9.
Jesus is nie deel van die GODHEID nie...die Godheid is (in) Hom.

*Dr Bennie de Klerk. (Alle verse is uit die 1933/ 53 OAV geneem.)*

## c. Jirre, hoe sê mens dankie?



Jirre, hoe sê mens dankie, vir dit wat jy het ...
vir sovel liefde, 'n kaia en 'n bed ...

Jirre, ek't nie veel'ie, maar dit weet U mos klaar ....
mar die bietjie wat'k het, is vir my so kosbaar.

Jirre, ek tel elke dag my se segeninge, een vir een want' k weet wat'k het, het U mos net vir my geleen.

Jirre, my goete is mar min, en myse hysie is klein maar dis so asof daar meer Sonlig in my se ou hysie skyn.



U het sovel keer my uit die donker se dieptes vannie lewe kom haal.
jys wanner ek gedink't als het my gefaal ....

mar Jirre, U het my totaal ge-verstom
toe'k heel by die wenpaal annerkant ytkom

Daarom byg ek vandag my se kniege in gebed en sê:
"Dankie Jirre, vir dit wat ek het!"
Amen.

## 5. So terloops ....

Ek kom die eendag by die poskantoor ingestap. Ek staan toe in die ry en wag. Ek sien die man wat voor my staan praat en praat. Ek loer toe so oor sy skouer om te sien met wie hy praat. Daar is niemand nie. Maar so sien ek hy praat in 'n koevert. Ek tik hom so op sy skouer en hy draai toe om. Ek sien toe die man lyk nie lekker nie. Ek vra hom toe of als ok is. Hy sê als is ok. Hy stuur net gou 'n voicenote.....



## 6. Beplanning vir volgende maande

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | FOCHVILLE | DELMAS |
|---|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Petro Gerber ✆ 076 577 6296** | Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487** |
| **2024** | **2024** | **2024** | **2024** |
| Geen | 25, 26 Januarie | 18 Januarie | 22 & 29 Januarie |
| 2, 3 Februarie | Geen | Geen | 5 Februarie |
| 8, 9 Maart | 14, 15 Maart | 18 Maart | 4 & 11 Maart |
| 5, 6 April | 18, 19 April | 15 April | 8 & 22 April |
| 10, 11 Mei | 23, 24 Mei | 20 Mei | 6 & 27 Mei |
| 7, 8 Junie | 13, 14 Junie | Geen | 3 &10 Junie |
| 12, 13 Julie | 25, 26 Julie | 29 Julie | 8 & 22 Julie |
| 2, 3 Augustus | 15, 16 Augustus | 19 Augustus | 5 & 12 Augustus |
| 6, 7 September | 12, 13 September | 16 September | 2 & 9 September |
| 4, 5 Oktober | 24, 25 Oktober | 21 Oktober | 7 & 21 Oktober |
| 8, 9 November | 14, 15 November | 25 November | 4 & 11 November |
| 6, 7 Desember | Geen | Geen | 2 & 9 Desember |

## 7. Woord in Aksie kampe – Pretoria

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp datums of op www.wia.org.za.
**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ✆ 010 065 0881









**8.** Bybelskool




**9.** Afsluitings Gebed

Here God! Groot en Almagtig is U. Wie is daar nog soos U?
Heilig, heilig, heilig is die Here! God! Almagtig! Koning! Wonderbaar is Sy Naam! Vader, laat U wil vir my lewe geskied en laat alles in my lewe wees tot eer en verheerliking van U Naam. Soos in die Hemel net so ook op die aarde, want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid, tot in alle ewigheid. In Naam van Jesus my Verlosser. Amen.

Baie seëninge vir julle almal - Sarel & Gerda Reinecke
Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee